*Johan Moll*

# Vrystaatse stryd teen eentalige naamgewing

Eerste voorlegging: Junie 2007
Aanvaarding: Augustus 2008

Wat taalpolitiek betref, het die nuwe Suid-Afrikaanse Grondwet (1996) in die vooruitsig gestel dat elf amptelike tale erken word, maar ook duidelik gestipuleer dat maatreëls in werking gestel moet word om die histories-benadeelde status en gebruik van die inheemse landstale te verhoog. Hierdie artikel ontleed die verwagtinge en waaksaamheid van blanke Vrystaatse Afrikaanssprekendes oor die status en gebruik van hulle taal en die gevoeligheid en antagonisme van die nuwe regeerders oor enige blyke en oorblyfsels van 'n kolonialistiese nalatenskap. Die ANC se poging om eentaligheid af te dwing word ontleed, asook hoe daar na beide kante toegewings gemaak moes word.

## Free State struggle against unilingual name giving

Regarding language policy, the new South African Constitution (1996) recognised eleven official languages while clearly stipulating that measures should be put in place to raise the historically diminished usage and status of the indigenous languages. This article analyses the expectations and vigilance of white Afrikaans speakers regarding the future status and use of their language and the sensitivity and antagonism of the new rulers concerning any signs and remains of a colonialist past. The ANC's attempt at enforcing unilingualism is analysed, as well as how concessions had to be made on both sides.

*Prof J C Moll, Navorsingsgenoot, Eenheid vir Taalbestuur, Universiteit van die Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein 9300; E-pos: molljc.hum@ufs.ac.za*

*Acta Academica*
*2009 41(2): 211-229*
*ISSN 0587-2405*
*© UV/UFS*
*http://www.ufs.ac.za/ActaAcademica*

Die feit dat Suid-Afrika heringedeel is in nege provinsies, asook die saamvoeging van dorpe en stede vir oorkoepelende derdevlakregering na die ANC se oorwinning in die 1994-verkiesing, het die geleentheid geskep vir nuwe name. Dit was 'n reusetaak wat die onervare ANC in die Vrystaat in die gesig gestaar het om die bewind van die provinsie oor te neem. Soos die eerste speaker, eerwaarde Motlalepule Chabaka tydens die opening van die Tweede Sitting van die Wetgewer in April 1995 erken het: "We have finished one memorable, exciting and hectic year in which we started from scratch with no training, background or orientation, but only with the grace of God" (Hansard 21 April 1995: 482). Wat die gesindheid teenoor meertaligheid betref, was die eerste seine wat die nuwe bewind uitgestuur het positief, deurdat drie amptelike tale in gebruik geneem en die Vrystaat was die eerste Wetgewer in die land wat gelyktydig vertalings van sy besprekings in Engels, Afrikaans en Sesotho voorsien het.

Die houding teenoor Afrikaans kan egter nie losgemaak word van swartes se gesindheid teenoor Afrikaanssprekendes as toepassers van apartheid en die lang stryd teen onderdrukking wat hulle moes voer nie. Wat in baie gemoedere van die swart lede van die Vrystaatse Wetgewer geleef het, is met die intrapslag van die nuwe bewind goed saamgevat deur lid Ace (E S) Magashule in sy toespraak in die Wetgewer teen die einde van 1994 tydens die debat oor Afrikaans:

> Ek dink ons geskiedenis is 'n bitter een, oorheers deur kolonialisme, rassisme, apartheid, seksisme en onderdrukkende wette wat die meerderheid mense uitgesluit het van deelname aan besluitneming as gevolg van hulle kleur en omdat hulle vrouens was. Dit het diep littekens gelaat van ongelykheid en ondoeltreffendheid. Daar is nie 'n enkele sektor in die Suid-Afrikaanse gemeenskap, of 'n persoon wat in Suid-Afrika en in die Vrystaat woon, wat onaangeraak is deur die verwoesting van apartheid nie. Miljoene gewone Suid-Afrikaners het oor dekades gestry teen hierdie stelsel om hul lewens te verbeter, om vrede te herstel en 'n meer regverdige gemeenskap daar te stel. In hul huise, in hulle werkplekke, in klaskamers, op die lande, in kulturele uitdrukkings, het die mense van ons land, beide swart en wit — ek moet dit beklemtoon — swart en wit, mans en vroue, jonk en oud, hul lewens gewy aan die pad van 'n meer menslike Suid-Afrika en menslike Vrystaat. Dit is 'n kollektiewe erfenis van stryd (Hansard 6 Desember 1994: 274).

Met die term "kolonialisme" het hy en die ander Vrystaatse politieke leiers bedoel die eksploitering van die land deur nie-Afrikane.

Deel van die skep van 'n meer "menslike" Suid-Afrika en Vrystaat sou wees om die leefwêreld van swartes te bevry van apartheidsimbole en name en dus ook Afrikaans se opperheerskappy te beëindig. Reeds voor die ANC se magsverowering en in afwagting van bewindsoorname, is 'n lustige rondspeel met name vir provinsies, stede, berge en riviere begin en verskeie alternatiewe name vir veral die belangrikste stede was teen die einde van 1993 en dus voor bewindsaanvaarding al in omloop: Pretoria (*Tshwane* wat apie-gekleurd beteken met verwysing na die Apiesrivier), Johannesburg (*Egoli*, die Zulu naam vir goud of *Rhawutini*, die Xhosa woord daarvoor), Bloemfontein (*Mangaung*, plek van die luiperd), Port Elizabeth (*iBhayi*), Drakensberg (*KaHlamba*), Oranjerivier (*Gariep*), Vaalrivier (*Ky-Gariep*), ensovoorts. Die PAC was selfs begerig om die naam van die land na *Azanië* te verander, in oorsprong Grieks en geneem uit klassieke geografie en waarskynlik gebaseer op die Arabiese woord *Zanj*, benaming vir 'n swart Afrikaan (Pearsall 1998: 19). Die PAC wou so ver teruggaan as 1652 om plekname te herstel en ook leiers en historiese figure uit daardie tyd te vereer.

Die nuwe Vrystaatse Wetgewende Vergadering het sy verrigtinge op 7 Mei 1994 begin met 'n totaal oorheersende ANC meerderheid van 24 ANC en 'n skamele 4 NP en 2 VF lede. Die Vrystaatse premier (wie se eie naam — hy is ingehuldig as Mosiuoa Gerard Patrick Lekota — 'n interessante transformasieproses deurloop het vanaf Terror, tot Patrick tot die eg Sesotho naam *Mosiuoa*), moes op 20 Junie 1994 in sy openingsrede verskeie moeilike sake aanraak wat 'n beeld gegee het van die enorme probleme waarmee die nuwe bewind te make gehad het (Hansard 20 Junie 1994: 16). 'n Belangrike aspek waarna hy verwys het rakende die problematiek wat hier aangespreek word, was die verskillende opvattings onder die onderhandelende partye oor die betekenis van vryheid wat volgens hom verskil het van die ANC se eie begrip daarvan. Dit sou ook algaande blyk dat die ANC se beskouing oor demokrasie en die verhouding van staat tot party, nie ooreengestem het met wat in die gemoedere en ervaringswêreld van blankes geleef het nie. Afrikaanssprekendes sou hulle van tyd tot tyd

sterk uitspreek oor hoe demokraties die vorige bewind was en vergeet dat dit "demokrasie" vir die minderheid en onderdrukking van die meerderheid was. Die ANC daarenteen, was so behep met party-politieke mag en so onervare in demokratiese prosesse, dat demokrasie soms in die slag gebly het ter wille van party-eenheid en vasberadenheid om blanke gevoeligheid oor taal as onaanvaarbare oorblyfsel van deel kolonialisme uit te maak en te beveg.

Die ANC se bewindsoorname in die land en in die Vrystaat was wel nie rewolusionêr nie, maar daar was in die beginstadium talle gebeure wat aan rewolusionêre anargie herinner het. So byvoorbeeld moes die Vrystaatse premier met drif en onsteltenis in een van die eerste sessies van die Vrystaatse Wetgewer verwys na die kultuur van "anargie, plundering en moord" wat aan die orde van die dag is en die

> grootskaalse plundery en diefstal van roerende staatseiendom, die vandalistiese beskadiging van vaste eiendom, die ongemagtigde besetting van staatsgeboue, die oprigting van onwettige howe op die terrein en jurisdiksie van die erkende nasionale leiers, die afdwing van geldelike bydraes aan vervalste begrafnisfondse deur twyfelagtige karakters vermom as kampvegters vir bekende politieke partye of organisasies, en die opkommandering van kombitaxi's van hardwerkende inwoners deur roofbendes vir selfsugtige doeleindes (Hansard 20 Junie 1994: 17).

Die gees van transformasie wat geheers het, het noodwendig daartoe gelei dat die kwessie van naamgewing prominente aandag sou kry (vgl Hansard 20 Junie 1994: 22). Groot naamverandering was te wagte en dit is interessant dat die eerste teikens vir verandering en die grootste doring in die ANC se vlees die naam van die HF Verwoerd-gebou en sy standbeeld voor die gebou was. As sigbare bewys dat die ANC inderdaad die bewind oorgeneem het en oor die mag beskik om ou simbole te vernietig, sou hulle heel eerste verwyder moes word. Dié gebou was die setel van die ou en voortaan die nuwe Vrystaatse Provinsiale Regering waar die standbeeld van die mees gehate apartheidsideoloog gestaan het. Die standbeeld en die naam van die gebou is reeds teen September 1994 verwyder want dit was immers ondenkbaar dat die nuwe regeringsleiers en ANC amptenare elke dag in 'n Verwoerd-gebou moes gaan werk en voor Verwoerd se standbeeld moes verbyloop. Tweede op die agenda was om die simbole van die vorige bewind in die Vierde Raadsaal waar die

Wetgewer met sy groot ANC meerderheid sou vergader, skoon te maak van alles wat aan apartheid herinner het. Nuwe name en simbole sou die aanvaarding van die nuwe bewind en waarvoor dit staan, aanhelp, regeringsoptrede wettig en die kollektiewe waardes waarvoor die nuwe bewind staan, uitwys (Gill 2005: 180). Binne die ANC was daar verbasing oor diegene "unconvinced about the need to dismantle apartheid [...] or the deep pain it caused the majority of South Africans" en dat daar werklik nog blankes was wat steeds "the creators and upholders of that evil system" wou verheerlik (Siluma 1994: 28).

## 1. Die verwydering van "Oranje"

Hoe sou Afrikaans wat so oorheersend en in die oë van swartes, so diktatoriaal en onderdrukkend tydens die vorige bewind was, benader word? Die eerste verwysing deur die premier na Afrikaans in Desember 1994 was negatief en hy het daarop gesinspeel dat Afrikaanssprekendes oorgevoelig oor taalgebruik is en nog steeds eksklusiwiteit en bevoorregting van hulle taal verlang (Hansard 6 Desember 1994: 282). Hy het met minagting die Vryheidsfront (VF) se bewering dat sekere stappe van die regering gemik is om Afrikaans te verneder, verwerp. Volgens hom was daar in die Vrystaatse Wetgewer nooit 'n kwessie oor watter taal 'n lid praat nie. Dit was immers in die Grondwet ingebou dat elke taal in Suid-Afrika sy regmatige plek moet ontvang. Hy het dit vreemd gevind dat Afrikaans kort-kort uitgesonder word asof daar iets vreemds aan Afrikaans is. Afrikaans is net een van Suid-Afrika se tale, net soos Sesotho en enige ander taal:

> Dit is hierdie elemente wat voorgee dat Afrikaans net aan hulle behoort en probeer om dit in hulle sakke te sit, asof dit nie aan ons almal behoort nie. Diegene wat nie Afrikaans, Xhosa of Zulu praat nie, weet eenvoudig nie hoe om daardie tale te praat nie, maar hulle respekteer die reg van daardie tale om in die Wetgewer gepraat te word (Hansard 6 Desember 1994: 282).

Dit was duidelik dat hy Afrikaans sou eerbiedig, maar nie enige bevoorregte posisie vir die taal sou gun of duld nie. Daarteenoor was daar veral onder die regse verteenwoordigers in die Wetgewer die onrealistiese verwagting dat Afrikaans ongehinderd sy vorige status moes bly handhaaf.

Die eerste belangrikste verandering wat deurgevoer is, was om ontslae te raak van wat as die kolonialistiese smet in die naam van die provinsie beskou is, naamlik die woord "Oranje" (*Rapport* 1994: 7). Die weglaat van "Oranje" uit "Oranje-Vrystaat" het op 11 November 1994 hoofopskrif in die enigste Vrystaatse koerant ontlok toe aangekondig is dat die provinsie voortaan slegs as "Vrystaat" bekend sou staan. Hoewel nie die Wetgewer of die Regering dit reeds bekragtig het nie, het die premier onmiddellik sy briefhoofde laat druk onder die volgende hoofde: "Office of the Premier/Kantoor van die Premier/Kantore ya Tonakgolo" en verder "Free State Province/Provinsie Vrystaat/Porofensi ya Foreisetata" (Horn 1994: 1). Die duidelike aanduiding in hierdie stadium was dat daar na die provinsie in meertalige terme verwys sou word om ten minste die twee getalrykste groepe sprekers — Sesotho- en Afrikaanssprekendes — tevrede te stel. Sotho is deur 58%, Afrikaans deur 15%, Xhosa deur 9%, Tswana deur 7% en Engels deur slegs 2% van die Vrystaters gepraat. As dit oor gelykberegtiging gegaan het, het Xhosa- en Tswanasprekendes wel rede tot ontevredenheid gehad, maar geen protes het uit hierdie oorde opgeklink nie. Engels was die populêre taal wat baie swartes graag gepraat en aangeleer het.

Op 15 Februarie 1995 het die provinsiale Wetgewer besluit om in terme van artikel 124(1) van die Grondwet (wet 200 van 1993) van die Republiek van Suid-Afrika, die Parlement te versoek om die naam van die provinsie na "Vrystaat" te verander. In sy betoog hieroor het die premier verduidelik dat hierdie veranderinge nie aangebring word bloot om te verander nie, maar uit oortuiging dat dit tot voordeel van die versoeningsproses in die provinsie en die land sal wees. Die kernargument vir verandering was dat in die verlede swart seksies van die gemeenskap nie deel gehad in besluitneming nie en dat dit noodsaaklik geword het om besluite te neem waarin ook hulle mening weerspieël word (Hansard 15 Februarie 1995: 292). Die "Oranje Vrystaat" byvoorbeeld is eensydig so genoem en die swart gemeenskappe het geen sê daarin gehad nie. Deur naamverandering kry die meerderheid nou eienaarskap in die naam van die provinsie en oefen hulle reg uit om saam daaroor te besluit (Hansard 15 Februarie 1995: 295). Die argument is ook gehoor dat die Vrystaat

die "product of colonialism and racism" is en sy kunsmatige grense hierdeur geskep (*Sowetan* 1997: 13).

Alhoewel die opposisie nie die kans in die Wetgewer laat verbygaan het om te wys op die historiese belangrikheid van die woord "Oranje" vir blanke inwoners van die gebied nie, wou die nuwe ANC meerderheid in die Vergadering ten alle koste die bevestiging van transformasie en die oorwinning van hulle mag ook in die naamverandering van hulle provinsie sien en beleef. Die uiteindelike besluit oor die provinsie se naam was gevolglik onvermydelik en is as volg bewoord:

> Dat hierdie Provinsiale Wetgewer, besluit om ingevolge klousule 124(1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (200/1993), die Parlement te versoek om die naam van die Provinsie te verander na Vrystaat (Hansard 15 Februarie 1995: 305).

Die Engelse weergawe van Hansard het gelui: "to alter the name of the province to Free State" (Hansard 15 Februarie 1995: 290) en in Sesotho was die bewoording: "ho fetolele lebitso la provinsi ho ba Free State (Hansard 15 Februarie 1995: 319). Dit is interessant om daarop te let dat die naam van die provinsie in die Sesotho weergawe van Hansard as "Free State" aangedui word, nie "Foreisetata" soos ook in die premier se briefhoofde nie. Daar sou dus 'n saak uitgemaak kan word dat die oorwig van die provinsie se naam in die Hansard-weergawe, Engels was, nie Afrikaans soos later probeer bewys is nie. Die drie hooftale is as Sesotho, Afrikaans en Engels beskou en teen Maart 1995 reeds op die meeste amptelike drukwerk gebruik (Hansard 28 Maart 1995: 381-2).

Die Vrystaat was nie die enigste provinsie wat naamverandering ernstig opgeneem het nie. Op 26 Junie 1995 is in 'n konstitusionele amendement in die Parlement voorgestel dat drie provinsies in Suid-Afrika se name verander word. Deur die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika Amendementwet is Pretoria-Witwatersrand-Vereniging in "Gauteng" omskep, die Oranje Vrystaat tot "Vrystaat" en die Noord-Transvaal tot "Noordelike Provinsie" herdoop. Dit is op 28 Junie 1995 in 'n gesamentlike sitting van die Nasionale Vergadering en die Senaat gedebatteer en aanvaar (*The Citizen* 1995: 8).

## 2. ANC kragdadigheid en magsvertoon: die stryd om "Free State" deur te voer en Afrikaans hok te slaan

Die kwessie van die provinsie se naam was hiermee nog geensins op 'n einde nie en die jaar 1996 het groot regeringskrisisse vir die Vrystaat ingehou, 'n ingewikkelde verhaal wat ontleding op sigself verg. Waarop dit in 'n neutedop neerkom, is dat politieke faksieverskille op hewige skaal uitgebreek het tussen die pro- en anti-Lekota groepe wat so erg geword het dat die nasionale leiers verskeie kere moes ingryp. Die uiteinde was dat Lekota en die belhamels van die ander faksie, onder andere Pat (P Z) Matosa en Ace Magashule, aan die einde van 1996 aangesê is om te bedank en daarna herontplooi is. Die antagonisme tussen die Lekota-aanhangers en die Matosa-groep was eenvoudig nie te heel nie en het selfs na die drastiese stap van herontplooiing voortgesluimer en sou Afrikaans weer in gedrang bring. Die nuwe premier was Ivy Matsepe-Casaburri wie se aanstelling teen die einde van 1996 groot ontevredenheid en opstandigheid ontketen het.

Vir die ANC in die Vrystaat was taal van die heel begin 'n "stekelrige en sensitiewe saak" (Horn 1997: 2) en vroeg in Mei 1997 het geluide begin opklink dat die versoening wat tussen Afrikaanssprekende Vrystaters en die ANC bereik is, dalk deur die taalproblematiek 'n knou kon kry wanneer die ANC-koukus die taalsituasie bespreek. Herbesinning oor die taalsituasie was veral 'n reaksie op die wrewel wat ontstaan het uit die VF se klagte by die Pan Suid-Afrikaanse Taalraad (PANSAT) oor die besluit dat nommerplate in die provinsie voortaan slegs "FS" sou toon. PANSAT is betrek omdat dié liggaam onder die verpligting was om die toepassing van veeltaligheid, die ontwikkeling van verwaarloosde tale, en die taalbeleid en praktyk op al drie vlakke van die regering te monitor.

Einde April 1997 is die kwessie van die gebruik van Afrikaans 'n gevoelige slag toegedien toe die aansoek van die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge by die Johannesburg hoëhof teen die besluit van die Germistonse stadsraad om Engels die amptelike gebruikstaal van die raad te maak, misluk het. Die regter het in sy beslissing verklaar dat daar niks is wat bepaal dat plaaslike owerhede hule sake in al elf amptelike tale moet verrig nie (Jackson & Eybers

1997: 1). Dit het die weg geopen vir ander plaaslike owerhede om dieselfde weg te volg en dit was 'n uitspraak wat geensins die voorstanders vir en handhawers van Afrikaans begunstig het nie.

Afrikaans in die Vrystaat het dus in die middel van die veel wyer stryd oor taalregte beland en daar was allerlei gissinge soos byvoorbeeld dat die ANC hom selfs op die Grondwet kon beroep om slegs met Engels en Sesotho as amptelike tale voort te gaan om sodoende die Vryheidsfront te toon wie werklik die mag in hande het "eerder as om in die oë van sy ondersteuners die knie voor die Vryheidsfront te buig". Die moontlikheid was selfs nie uitgesluit nie dat die gebruik van Sesotho afgeskaal kon word met die argument dat dit finansiële voordele ingehou het (Horn 1997: 2).

Die groot bom teen Afrikaans het in Mei 1997 tydens die Vrystaatse ANC-kongres gebars toe op kragdadige wyse besluit is dat die Vrystaat vorentoe slegs as "Free State" bekend sou staan. Een verklaring vir hierdie onverwagse besluit was dat die opstandigheid van die radikale Vrystaatse ANC-groep gelei het tot groter ongeduld teenoor die versoenende houding wat veral onder premierskap van Lekota teen Afrikaanssprekendes gevolg is. Dit was onder hulle invloed en aansporing dat die kongres op onversoenende wyse besluit dat die provinsie se naam nie in enige taal vertaal sou word nie, maar voortaan slegs as "Free State" bekend sou staan. Dit sou geskied in terme van 'n besluit wat volgens die voorstanders hiervan, reeds deur die provinsiale wetgewer tydens premier Lekota se premierskap geneem is (Horn 1997a: 1). Die koukus se voorsitter, Vax Mayekiso, het tydens die aankondiging by die kongres beweer dat die verskillende taaluitgawes tot in daardie stadium in werklikheid die Wetgewer se mosie soos aan die Nasionale Vergadering voorgelê, geïgnoreer het. Selfs die woord "Foreisetata" wat op die provinsiale skryfpapier voorkom, was volgens hom nie 'n inheemse Sesotho woord nie. Volgens Mayekiso het die notule van die Wetgewende Vergadering van 15 Februarie 1995 waar die NP en die VF ook teenwoordig was, getoon dat die besluit om slegs "Free State" te gebruik, eenparig geneem is. Hy het aangekondig dat in die toekoms alle korrespondensie van die Vrystaatse regering die besluit van 15 Februarie moes reflekteer, maar het tog daarop gewys dat organisasies wat hulle naam aflei van

die provinsie soos byvoorbeeld die Universiteit van die Oranje-Vrystaat en die Oranje-Vrystaat Rugby Unie, outonoom is en nie verplig kon word om die nuwe naam te gebruik en van "Oranje" ontslae te raak nie (*The Citizen* 1997: 13).

Soos te verwagte was daar onmiddellik hewige reaksie uit Afrikaanssprekende geledere. Die Vryheidsfront het op tipiese wyse begin dreig en aangekondig dat die party die poging van die ANC om net "Free State" af te dwing, met 'n interdik sou laat stopsit tot tyd en wyl PANSAT uitspraak lewer op die dringende klag oor taalskending. Die aanslag teen Afrikaans het ook buite die provinsie reaksie uitgelok en die Vrystaters is opgesweep en aangevuur om dit daadwerklik teen te staan. *Rapport* het 'n rou senuwee aangeraak met die volgende aanhitsing:

> Die ANC het reeds 'n paar ou name van die landkaart gevee, onder meer Transvaal. Iewers moet die regering verstaan gemaak word dat naam en taal emosies wakker maak wat liefs gelaat moes gewees het. Dus: Komaan Vrystaat! Staan op vir jul naam! Of wil julle nou Free State! begin skree? (*Rapport* 1997: 20).

Daar is op gewys dat selfs die Oos-Kaap met 'n baie groter persentasie Engelssprekendes nie 'n miskenning van veeltaligheid soos in die Vrystaat plaasgevind het, probeer afdwing het nie (*Die Burger* 1997: 8).

Die NP se eerste skuif was om vas te stel of die taalbesluit soos aan die ANC-kongres voorgehou, die waarheid is. Die woordelikse verslag van die sitting in dieVrystaatse Hansard is bygehaal en daar is tot die oortuiging gekom dat presies die teendeel waar is. In die amptelike mosie na die sentrale regering om die Grondwet rakende die naam van die provinsie te wysig en wat eenparig in die Wetgewer aanvaar is, is versoek dat "die naam van hierdie provinsie [...] Vrystaat sal wees, in plaas van Oranje-Vrystaat" (Hansard 15 Februarie 1995: 2). Ironies genoeg het hierdie formulering daarop neergekom dat die ANC-lede in werklikheid gestem het dat die provinsie se naam slegs "Vrystaat" sal wees. Toe die NP en die VF oor die presiese verloop van gebeure tydens die sitting van die Wetgewer hieroor deur *Die Volksblad* genader is, het hulle dit duidelik gestel dat indien Lekota sy Afrikaanse sin sou onderbreek het om slegs in Engels na die provinsie te verwys, hulle die voorstel beslis nie sou gesteun het nie. Daar is vir "Vrystaat" gestem en so is dit ook genotuleer (Horn 1997a: 1).

Gekonfronteer met hierdie interpretasie het die ANC by monde van Mayekiso met groot oortuiging verklaar dat indien dít waar is, dit beslis nie die besluit van die Uitvoerende Raad weerspieël nie waar die mosie vooraf geformuleer en voorberei is. Terselfdertyd is gewaarsku dat indien nodig, die ANC nie sou huiwer om die saak na die Hoërhof te neem nie. Die blanke opposisie het die voorneme van die ANC om eentaligheid toe te pas, as verbysterend, "ongrondwetlik en 'n terugslag vir versoening" in die provinsie beskryf. Die leier van die NP was van mening dat die Vrystaat die toon aangee wat veeltaligheid betref en 'n ernstige versoek tot die premier en die ANC-koukus gerig om hulle besluit te heroorweeg. Met die besluit van die Hansard ter hand kon hy argumenteer dat die mosie nie gehandel het oor 'n naam vir die Vrystaat nie, maar oor die vraag of die woord "Oranje" uit "Oranje-Vrystaat" weggelaat moet word. Volgens hom het die NP teensinnig ingestem tot die weglating van die woord "Oranje" uit die provinsie se naam, maar hoegenaamd nie dat dit slegs "Free State" sal word nie (Horn 1997a: 1).

"Politieke uitlokking", so is die verklaring dat die Vrystaat voortaan amptelik slegs as "Free State" bekend sou staan, deur Kas Deprez, Vlaamse kenner van die Suid-Afrikaanse taalpolitiek vanaf Leuven bestempel. "Dit is 'n ongelukkige saak. Die Vrystaatse regering behoort te verstaan as meertaligheid in die grondwet verskans word, dit op alle vlakke uitgeleef moet word". Hy het ook aktivisme vir Afrikaanse taalregte aangemoedig:

> Geen nuwe orde word sonder aktiviste gevorm nie. [...] Die Vrystaters moet alle middele tot hulle beskikking gebruik om die slag vir meertaligheid te beveg. Dit geld Afrikaans en Sesotho (Horn 1997b: 2).

Die drastiese besluit oor eentaligheid is feitlik onmiddellik deur oud-premier Lekota, pas aangestel as voorsitter van die Nasionale Raad van Provinsies, gerepudieer. Hy het Mayekiso se interpretasie die nek probeer inslaan deur daarop te wys dat al die ANC lede tydens besluitneming daaroor teenwoordig was en nie een het beswaar gemaak dat die naam van die provinsie in die drie belangrikste tale van die streek weergegee word nie. In sterk taal en met die grootste erns het hy verklaar dat die mosie suiwer gegaan het oor die verwydering

van "Oranje" en dit eenvoudig vals is dat die provinsie slegs "Free State" genoem sou word en dat hy van die heel begin en deurentyd al drie tale op sy briefhoofde gebruik het. Hoe verspot is dit nie, was Lekota se ondubbelsinnige standpunt, om te dink dat die gebruik van die Afrikaanse benaming daardeur wetlik verbied word. Dit is niks anders nie as ongrondwetlik en duidelik 'n kwessie van taalonderdrukking (Horn 1997b: 2). Lekota se aanvallende standpunt het weereens die ernstige tweespalt in ANC geledere tydens sy premierskap en die feit dat hy en Mayekiso hulle in twee opponerende faksies bevind het, onderstreep.

Die optrede van die ANC om met "Free State" te volhard, is as politieke magsvertoon en kragdadigheid beskryf, 'n woord wat tydens die NP bewind baie gehoor is en groot wrewel by teenstanders en veral swartes ontlok het (*Die Volksblad* 1997a: 5). Deur die tweede grootste taalgroep in die provinsie te straf en boonop nog die Sesotho-woord "Foreistata" opsy te skuif, is as 'n toonbeeld van ANC magsmisbruik bestempel. Lekota was kennelik nog vol wrewel teenoor die Mayekiso-faksie en sou nie 'n kans laat vergygaan om diegene wat sy premierskap in die Vrystaat so bemoeilik het, te repudieer nie en hierdie keer het hy vaste gronde vir sy repudiasie gehad. Die ANC moes ontdek dat die premier inderdaad in sy mosie na "Vrystaat" verwys het. Dit was ooglopend die radikale faksie in die ANC-koukus wat verantwoordelik was vir die dwase besluit om nie die drie amptelike tale gelyk te beregtig nie en nouer samewerking te vertroebel (*Die Volksblad* 1997: 6). Wat hulle wel tot hulle voordeel kon ingespan het, is dat daar in die Sesotho weergawe van die Wetgewer se debat in die Hansard na "Free State" verwys word en die Sesotho-woord nêrens figureer nie.

Dit was logies dat die nuwe premier, Ivy Matsepe-Casaburri, direk in die Wetgewer betrek sou word oor haar standpunt betreffende die naam van die provinsie. Toe sy uitgevra is oor die "kwaadwillige en roekelose" stap tydens die Wetgewer se debat op 13 Mei 1997 (Nieman 1997: 11) het sy in haar treffende repliek in Afrikaans verklaar dat Afrikaans in haar murg en been is omdat sy dit uit haar "ma se bors gedrink" het en Afrikaans steeds in haar ouerhuis gepraat word. Sy is egter 'n taaldemokraat omdat haar ouers haar geleer het om nooit op andere tale neer te sien nie en sy boonop sewe Suid-

Afrikaanse tale kan praat. Sy sal Afrikaans enduit verdedig, maar ook al die ander landstale van die land en daarom sal sy Afrikaans nie eksklusief verdedig nie (Nieman 1997: 11). Tog het die premier in werklikheid geen duidelike leiding gegee oor die status van die drie tale nie en 'n geleentheid laat verby gaan om sterk standpunt in te neem vir die gelykwaardige behandeling van al drie tale. Haar posisie as leier was egter nog te onseker om die ANC-leier van die party direk te opponeer. 'n Versigtige rondspeel na alle partye was in hierdie stadium polities-gesproke waarskynlik die beste strategie.

Ten spyte van al die argumente teen die opvatting dat daar in die Wetgewer slegs op "Free State" besluit is, het die provinsie se ANC-leierskap op 21 Mei 1997 herbevestig dat daar met slegs "Free State" volhard sou word en die moontlikheid van 'n hofstryd het groter werklikheid geword. Lekota se uitleg oor die besluit en sy ernstige beswaar oor eentaligheid is met minagting verwerp en die media is gevra om nie ag te slaan op enkelinge se uitsprake nie. Onbedek is gewaarsku dat die uitkoms van die geskil drastieser kan word en daar is op gesinspeel dat die hoofstad se naam ook betrek kan word — iets waaroor die meerderheid Vrystaters sou besluit. Die ANC het immers die mandaat van die meerderheid in die provinsie om sulke besluite deur te voer (Horn 1997c: 2).

Daar was by die ANC-leierskap geen blyke te bespeur van onderdanigheid aan die bepalings van die Grondwet nie. Afrikaanssprekendes het die optrede van die ANC as 'n verontagsaming van die Grondwet beskou wat eintlik betekenislose protes teen Afrikaans was omdat daar niks aan die stand van sake verander kon word nie. Wat wel gebeur het is dat 'n "vernederende sein aan alle Afrikaanssprekendes in die provinsie" uitgestuur, hulle taal verneder en die gees van versoening van president Mandela geminag is. Regsoptrede is as die enigste uitweg gesien, al moes dit sover gaan as die Grondwethof (Hansard 22 Mei 1997: 3970-1). Die feit dat die vorige premier die aksie as "belaglik, onprakties en onversoenend" afgemaak het, het Afrikaanssprekendes se weerstand versterk en die besluit is as diktatoriaal en "skandalig" bestempel en een wat "summier nek omgedraai" behoort te word (*Die Volksblad* 1997b: 12).

Die nuwe premier se houding teenoor Afrikaans het groot verwagting gewek dat redelikheid sal seëvier en hoop in die emosionele kwessie van 'n eentalige benaming vir die provinsie. Die kern van die hele debakel is gesien as die miskenning van die taal en kultuur van die twee grootste taalgroepe wat neergekom het op 'n houding van: "jul taal en kultuur, dus julle goeie self, word nie hoog of goed genoeg geag om in die briefhoofde en die amptelike korrespondensie van die provinsiale regering erken te word nie". Al wat so'n standpunt kon bewerkstellig was die afbreek van menseverhoudings en positiewe gesindhede (*Die Volksblad* 1997c: 6; geen berigte hieroor in ander koerante kon opgespoor word nie).

## 3. Openbare reaksie oor "Free State"

'n Meningspeiling deur *Die Volksblad* van 768 lesers (en die verre meerderheid was blankes) einde Mei 1997 oor die ANC-koukus se eensydige besluit, het getoon dat hulle "oorweldigend demokraties, inklusief en akkommoderend gesind" is. Verreweg die meeste (byna 96%) het aangedui dat die *status quo* gehandhaaf moet word en onder hulle was ook Engelssprekendes. Een deelnemer het verklaar: "There is only one name for the Free State and that is Vrystaat". Slegs tien deelnemers het die besluit van slegs "Free State" gesteun, terwyl negentien ten gunste daarvan was dat die amptelike naam slegs "Vrystaat" moes wees. Twee deelnemers wou die oorspronklike naam "Oranje-Vrystaat" terughê, terwyl slegs een die Sotho-naam *Foreistata* amptelik erken wou hê. Die dubbelvorm "Free State/Vrystaat" is deur twee persone voorgestel, terwyl een siniese deelnemer 'n heel nuwe naam wou hê — Midwes/Midwest — omdat die Vrystaat "lankal nie meer vry is nie" (Horn 1997d: 1). In van die kommentaar wat ontvang is, is die mening tog ook uitgespreek dat die Afrikaner deur die ANC-koukus se besluit 'n politieke les geleer word, want indien "Vrystaat" aanvaar word, "Afrikaans people will think that they have a right to their racism" (Horn 1997d: 2). Ander het dit beskou as 'n nuwe taalstryd wat gevoer sal moet word.

Dat dit ook vir Afrikaners nodig was om hand in eie boesem te steek, was 'n waarheid wat ook na vore getree het. Veral die neiging

om Afrikaans met dreigemente en aggressief te beskerm is gekritiseer in teenstelling daarmee dat Afrikaanssprekendes liewer hul taal positief bevorder en mense lus maak vir die taal. Zaza Pieterse, gewese ondervoorsitter van die Vrystaatse Nasionale Party, se standpunt was dat daar êrens

> ... fout gekom met die reklame van ons taal [...] As ons waardige taalmakers so opreg en so goed was, waar het die probleem dan begin dat ons vandag so moet verdedig aan die mooi taal en alles waarvoor hy staan? Ons rig ons gewere teen alles en almal, ook op die Regering wat die 'taal nie goedgeisind is nie'. Ons raak paranoïes en die spoegkoeëls waai. En dit help nie. Ons moet pleks van 'n simptoom beveg, liewer by die oorsaak kom en dit regmaak. Ons moet vra waarom dit nodig geword het om so te moet verdedig. Dit beteken [...] dat in die verlede groot fout met ons taal- en mens-reklame was. Ons en ons taal het afgestoot pleks van gewen. Ons het pyn gegee met ons 'eksklusivisme' pleks van waardering te wek. En nou is die stryd nog groter met [...] Free State (Nieman 1997a: 9).

Teen die begin van Junie 1997 het PANSAT die Vrystaatse ANC-koukus oor "Free State" getakel en ook in die openbaar by die president aangekla om te probeer keer dat eentaligheid op Vrystaters en ander Suid-Afrikaner afgewing word: "Ons versoek u, die President en seergeagte staatsman, om met u invloed dié neiging die hoof te bied", was die pleidooi (*Die Volksblad* 1997d: 1). PANSAT se uitvoerende hoof, professor Cynthia Marivate, het in 'n ope brief besorgdheid uitgespreek oor die neiging tot eentaligheid op alle vlakke van die regering. Sy het ook verwys na die pas genome besluit van die Germistonse stadsraad om al hulle sake voortaan in Engels te voer: "The majority of people in this country do not speak, understand or function in English" en dit was op plaaslike regeringsvlak waar die bevolking en die regering veral 'n invloed op mekaar uitoefen, toegang het tot dienste en inligting bekom. Sy het beweer:

> The language issue is at the core of practical democracy [...] The fact that the Free State provincial government has also decided to drop Sesotho and Afrikaans in its name shows that the erosion of constitutional rights on language issues is not only an oversight, but a clearly calculated move towards monolingualism by all levels of our government (Marivate 1997: 6).

Wat veral ontstel het, is dat dit die regering self was wat besig was om die Grondwet te skend (*Die Volksblad* 1997d: 1).

## 4. Meertaligheid seëvier

Vrystaters en Afrikaners se landswye waaksaamheid oor die taal het die gewenste uitwerking gehad, want uiteindelik op Augustus 1997 kon *Die Volksblad* in groot opskrifte berig: "Vrystaat is nog Vrystaat" (*Die Volksblad* 1997e: 5). Wat die finale wending veroorsaak het, is dat Artikel 104(2) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) na vore gehaal is wat die volgende bepaling bevat het: "Die wetgewer van 'n provinsie kan by 'n besluit aangeneem met 'n ondersteunende stem van minstens twee derdes van sy lede, die Parlement versoek om die naam van daardie provinsie te verander". Die proses van net op "Free State" te besluit, was dus veel meer ingewikkeld en toe PANSAT daadwerklik betrokke raak, het dit vir die Vrystaatse ANC duidelik geword dat die saak nie verder gevoer behoort te word nie. Die naam van die provinsie sou dus "Vrystaat" in Afrikaans, "Free State" in Engels en "Foreistata" in Sesotho bly. Die nommerplaatkwessie het egter anders verloop, 'n saak waarop hier nie ingegaan kan word nie, maar daarin sou die ANC uiteindelik wel sy sin kry deurdat net "FS" op die nommerplate gebruik sou word.

Die behoud van meertaligheid in die Vrystaat was 'n oorwinning vir die wit minderheid en die opposisiepartye sou die kans waarneem om die hele kwessie in Februarie 1998 weer in die Wetgewer te bespreek. Die ANC is voor stok gekry oor onsensitiwiteit en minagting met die hantering van die naam en veral die verdraaiing dat daar in die Wetgewer slegs op "Free State" besluit is. Die VF het selfs gedreig om sy strategie van "opbouende samewerking" met die ANC te heroorweeg omdat Afrikaners op alle vlakke ontmagtig word (Nieman 1998: 2)

Dit was vir die ANC lastig om in die Wetgewer na die nederlaag oor eentaligheid sinvol te reageer. Die beste strategie is gesien as een van aanval oor wat beskou is as die beheptheid en oorsensitiwiteit van Afrikaanssprekendes oor hulle taal. Die premier se reaksie — in Afrikaans — was by herhaling dat die taal aan alle Afrikaanssprekendes behoort, ook aan haar want dit was haar huistaal. Maar ander tale moet ook beskerm word. In haar kontak met plaaswerkers wat net Afrikaans en Sesotho praat, word sy gevra waaroor die beheptheid met Afrikaans

gaan, iets wat hulle van die taal vervreem. Is dit wat die opposisie wil hê, wou sy weet? Daar is veral verwys na die mentalitieit onder Afrikaanssprekendes om te dink hulle taal word verneder as die reg van die gelykheid van alle tale opgeëis word (Hansard 18 Februarie 1998: 4269). In plaas van jammerklagtes oor hulle taal, behoort Afrikaanssprekendes hulle met ernstiger Vrystaatse kwessie besig te hou soos "swart vrese, armoede" en die "haglike toestande waarin mense hulle bevind wat in die apartheidsjare geestelik en liggaamlik vermink is". Die "Vrystaat" debat is selfs as "die giere van die rykes" bestempel, terwyl die ANC bekommerd is "oor die basiese toestande waarin ons mense is" (Nieman 1998: 2). Ware versoening gaan nie oor "Free State" of "Vrystaat" nie, "maar oor die vergifnis soos die van ANC-lede wat mense vergewe het wat hulle 27 jaar lank in die tronk gestop en hul mense vermoor het" (Nieman 1998: 2).

## 5. Slotopmerkings

Die stryd teen eentaligheid het al die basiese elemente in die politieke en sosiale opset van die provinsie oopgeruk. Polities was die ANC vasberade om sy meerderheid in te span vir naam- en simboleverandering, terwyl blankes dit moeilik gevind het om hulle geskiedkundige name en simbole te sien verdwyn. Sosiaal-gesproke is die ANC leierskap se aandag in hoofsaak vasgevat deur die armoede in die provinsie en is die Afrikaanssprekendes se gevoeligheid oor en beheptheid met hulle taal as onbelangrik, vreemd en selfs sinister uitgemaak. Wat wel duidelik geblyk het was dat die taalbeskerming wat die Grondwet gebied het, van deurslaggewende betekenis vir Afrikaans was en telkens bygehaal sou moes word om meertaligheid te verseker. Dit was ook duidelik dat die ANC se jare van opstand en stryd en onbekendheid met deelname aan parlementêre en demokratiese prosesse, hulle minder gevoelig ingestem het oor wat blanke beskou het as die deurslaggewende belangrikheid van grondwetlike bepalings. By swart en blank was daar in die taal- en kultuurdebat 'n bepaalde moedswilligheid en onbegrip te bespeur, tekens van twee gemeenskappe wat mekaar nie werklik geken of vertrou het nie.

## Bibliografie


CONSTITUTION OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

1996. *B34A-96: 13-14*. Kaapstad: Creda Press.

DEBATTE VAN DIE WETGEWER VAN DIE PROVINSIE ORANJE-VRYSTAAT (HANSARD)

1994. Eerste Sessie, Eerste Wetgewer, 7 Mei 1994.

1994. Tweede Sitting, Eerste Sessie, 20, 21, 23 Junie.

1994. Derde Sitting, Eerste Sessie, 11 Augustus 1994.

1994. Eerste Sitting, Tweede Sessie, 20 Junie 1994.

1994. Vierde Sitting, Eerste Sessie, 16 September 1994.

1994. Sesde Sitting, Eerste Sessie, 6 Desember 1994.

1994. Tweede Sitting, Eerste Sessie, 20 Junie 1994.

1995. Eerste Sessie, Sewende Sitting, 15 Februarie 1995.

1995. Eerste Sessie, Agste Sitting, 28, 29, 30 Maart 1995 (verander in die loop van 1995 na Vrystaat).

DEBATTE VAN DIE WETGEWER VAN DIE PROVINSIE VRYSTAAT (HANSARD)

1995. Tweede Sessie, Eerste Sitting, 21, 24 & 25 April 1995.

1996. Derde Sessie, Eerste Wetgewer, 5 & 18 Desember 1996.

1997. Eerste Sessie, Sewende Sitting, 22 Mei 1997.

1998. Vyfde Sessie, Eerste Wetgewer, 18 Februarie 1998.

*DIE BURGER*

1997. Engels, alles Engels. *Die Burger* 2 Mei 1997: 12.

1997. 'Vriestyd' in die Vrystaat. *Die Burger* 12 Mei 1997: 8.

1997. Pansat wys tande oor regering ál mik na een taal. *Die Burger* 5 Junie 1997: 1.

*DIE VOLKSBLAD*

1997. Hoofartikel: Kragdadigheid. *Die Volksblad* 10 Mei 1997: 6.

1997. Korrespondent: Afrikaans kry gevoelige slag na hofuitspraak oor plaaslike rade. *Die Volksblad* 1 Mei 1997: 5.

1997. Hoofartikel: Draai dit nek om. *Die Volksblad* 23 Mei, 1997: 12.

1997. Hoofartikel: Groot terugslag. *Die Volksblad* 26 Mei 1997: 6.

1997. Pansat pak ANC-koukus oor Free State. *Die Volksblad* 5 Junie 1997: 1.

1997. Vrystaat is nog Vrystaat. *Die Volksblad* 9 Augustus 1997: 5.

GILL G

2005. Changing symbols: the renovation of Moscow place names. *The Russian* 64 (July): 480-503.

HORN H
1994. OVS is voortaan net Vrystaat. Hoofberig: *Die Volksblad* 25 November 1994: 1.

1997. ANC bespreek tale: Afrikaans dalk geknou. *Die Volksblad* 8 Mei 1997: 2.

1997a. Vrystaat word net Free State. Hoofberig: *Die Volksblad* 9 Mei 1997: 1.

1997b. 'Net Free State is politieke uitlokking'. *Die Volksblad* 10 Mei 1997: 2.

1997c. Vrystaat stuur af op hofstryd na ANC-besluit oor die naam. *Die Volksblad* 22 Mei 1997: 2.

1997d. Lesers wil status quo behou. *Die Volksblad* 27 Mei 1997: 1.

JACKSON G & J EYBERS
1997. Hoofberig: Hofuitspraak 'n slag vir Afrikaans. *Beeld* 1 Mei 1997: 1.

MARIVATE C
1997. Disturbing move to one language. Brief van C Marivate. *The Citizen* 7 Junie 199: 6.

NIEMAN N
1997. Sy sal Afrikaans tot die dood toe verdedig, sê premier Ivy. *Die Volksblad* 14 Mei 1997: 11.

1997a. Maak mense lus om Afrikaans te praat - Zaza. *Die Volksblad* 3 Junie 1997: 9.

1998. Emosionele uitsprake oor Afrikaans en Vrystaat se naam in die Wetgewer. *Die Volksblad* 19 Februarie 1998: 2.

PEARSALL J (ed)
1998. *The New Oxford Dictionary of English*. Oxford: Clarendon Press.

*RAPPORT*
1994. Lekota wil 'Oranje' uit naam haal. *Rapport* 27 November 1994: 7.

1997. Hoofberig: Free State. *Rapport* 11 Mei 1997: 20.

SILUMA M
1994. Time for some straight talking. *The Argus* 7 Desember 1994: 28.

*SOWETAN*
1997. 'Free State' has a shameful past. *Sowetan* 16 Desember 1997: 13.

*THE CITIZEN*
1995. Gauteng name Bill tabled. *The Citizen* 27 Junie 1995: 8.

1997. Free State name in English only: MEC. *The Citizen* 9 Mei 1997: 13.

1997. Disturbing move to one language. *The Citizen* 7 Junie 1997: 6.